

IMPLEMENTERING VAN WATERBEPERKINGS

Die huidige ernstige droogte en gevolglike lae vlakke van opgaardamme, noodsaak Langeberg Munisipaliteit om dringende waterbeperkings te implementeer.

'n Provinsiale ramptoestand is reeds op 24 Mei 2017 in die Wes-Kaap verklaar en 'n plaaslike ramptoestand is ook op 20 Junie 2017 in Langeberg Munisipaliteit verklaar.

Teen die agtergrond van hierdie waterkrisis, en gebaseer op die geproklameerde provinsiale ramptoestand, het die Premier van die Wes-Kaap aanwysings wat handel oor beperkings op die gebruik van drinkbare water vir huishoudelike en industriële doeleindes, uitgereik - soos vervat in die Bylae gepubliseer in die Provinsiale Koerant gedateer Vrydag, 4 Augustus 2017. Die grootste deel van Langeberg Munisipaliteit se rou watervoorraad kom uit die Groter Brandvlei Staatswaterskema (GBSWS) wat deur die Sentrale Breërivier Watergebruikersvereniging (SBRWGV) bestuur word.

Die mees effektiewe manier om watergebruik in tye van watertekorte te verminder, is om tariewe vir oormatige gebruik te verhoog. Spesiale watertariewe ten opsigte van waterbeperkings is ingesluit in die 2017/18 tariewe en sal geïmplementeer word. Verskeie ander beperkende maatreëls word ook in die Droogtebestuursbeleid ingesluit en sal deur streng wetstoepassing uitgevoer word.

Drie vlakke van waterbeperkings word in die Droogtebestuursbeleid van Langeberg Munisipaliteit ingesluit, en dit stem ooreen met die beperking van toekennings wat deur die Groter Brandvlei Staatswaterskema (GBSWS) toegepas word asook die beskikbaarheid van water uit ons ander bronne.

GEBASEER OP HIERDIE KRITERIA, SAL VLAK 2 WATERBEPERKINGS VANAF 15 OKTOBER 2017 INGESTEL WORD.

Die geteikende waterverbruik vir Vlak 2-waterbeperkings vir residensiële en besigheidsgebruik is 50% van normale verbruik, en 75% van normale verbruik vir industriële verbruikers. Waterverbruik van alle verbruikers sal maandeliks gemonitor word en strenger waterbeperkings sal ingestel word indien die geteikende verbruik nie behaal word nie.

Die beperkende maatreëls van Vlak 2 waterbeperkings is soos volg:

- a) Opskorting van alle besproeiingswater ("leiwater") in McGregor en Robertson.
- b) Geen natmaak van tuine met munisipale water nie.
- c) 'n Boete ingevolge Artikel 75 A van die Stelselwet: dit beteken 'n 100% boete op tariewe vir maandelikse verbruik wat meer is as 15 kiloliters per maand per huishoudelike aansluiting, insluitende behoeftige huishoudings.
- d) Geen natmaak van sportvelde, krieketbladdens, golfbane en / of rolbalbane word toegelaat tensy eie waterbron gebruik word.
- e) Geen opvul van swembaddens.

- f) Geen was van voertuie met enige waterpyp sal toegelaat word nie, insluitende kommersiële ondernemings wie se besigheid dit is om motors te was.
- g) Strenger polisiëring en implementering van 'n klaglyn en fluitjieblaser-fasiliteit.
- h) Konsultasie met grootmaatverbruikers in die nywerheids- en besigheidsektore soos geïdentifiseer deur die faktuurstelsel.
- i) Installering van vloeibeperkings vir diegene wie nie aan vereistes voldoen nie.
- j) Enige persoon wie hierdie beperkings oortree is skuldig aan 'n oortreding en, by skuldigbevinding, strafbaar met 'n boete soos gepubliseer in die jaarlikse tarieflys.

Die 2017/18 watertariewe (BTW uitgesluit) vir residensiële gebruikers met verskillende vlakke van waterbeperkings, word aangedui in die volgende tabel:

Gebruik maand (kl.)	per	Normale Tariewe	Vlak 1 Water- Beperkingstariewe	Vlak 2 Water- Beperkingstariewe	Vlak 3 Water- Beperkingstariewe
0 – 6		R 2.30	R 2.30	R 2.30	R 2.30
6 – 15		R 5.40	R 5.40	R 5.40	R 16.20
15 – 30		R 5.64	R 5.64	R 11.28	R 16.92
30 – 40		R 5.90	R 8.85	R 11.80	R 17.70
40 – 60		R 7.55	R 11.33	R 15.10	R 22.65
Meer as 60		R 7.88	R 11.82	R 15.76	R 23.64

'n Paar wenke hoe om water by die huis te spaar:

- Stort vinniger. Draai die stort toe terwyl jy seep aanwend en draai dit weer oop om af te spoel.
- Maak seker dat jy jou wasmasjien en skottelgoedwasser volmaak voor 'n nuwe was-siklus begin.
- Verminder die hoeveelheid water wat in die toilet gespoel word deur 'n 2 liter plastiekbottel vol water in die watertenk van jou toilet te plaas. Dit kan jou elke jaar sowat 7 300 liter water bespaar.
- Wanneer skottelgoed met die hand gewas word, moenie die kraan oophou om die skottelgoed af te spoel nie. As jy 'n dubbele wasbak het, vul een met seepwater en een met skoonwater om te spoel.
- Installeer 'n stelsel om gryswater (van die wasmasjien, wasbakke, stort en bad) na die tuin te pomp.

In die tuin:

- Plant inheemse plante wat uiterste hitte kan verdra en min water nodig het.
- Groepeer plante met dieselfde waterbehoefte sodat jy nie te veel water gee aan plante met verskillende waterbehoefte nie.
- Sit 'n bedekkingslaag om bome en plante. Bedekking sal verdamping verlaag en sal ook onkruid ontmoedig om te groei.

- Plant in die regte seisoen. Vir winterreënvalgebiede moet jy in herfs en vroeë winter plant sodat die plante 'n kans het om hul wortelstelsels te ontwikkel voor die droë seisoen. In die somerreënvalgebiede kan jy in die lente en vroeë somer plant.

In die industriële en kommersiële sektor:

- Spesifiseer waterbehoefte vir u organisasie, gebou of produksie-eenheid.
- Stel 'n persoon aan om watergebruik te monitor en om sterkpunte te identifiseer om op voort te bou asook swakpunte om reg te stel.
- Maak seker dat mense bewus is hoe om groot waterverliese by lekkende of beskadigde pype aan te meld.
- Moedig personeel aan om druppende krane en lekkende toilette aan te meld.
- Verminder die kanse van lekkasie deur krane liggies toe te draai en om kraanringe te vervang wanneer lekkasies ontdek word.

Hierdie eenvoudige veranderinge kan u tot 10% op u jaarlikse waterrekening bespaar, sonder om u lewenstyl drasties te verander. Leer jou kinders om water rondom die huis op eenvoudige maniere te bespaar en moedig jou kollegas aan om water by die werk te bespaar.